"Voor op die Wa" in Rapport, Oktober 2004

Met Theunis Engelbrecht

1. **Wat is jou lelikste gewoonte?**

Ek kan soms erg territoriaal in my kombuis optree, maar ek dink ek word beter.

2. Waarvoor gebruik jy pille?

As ek siek is.

3. Wat op TV maak jou naar?

Baie geweld

4. Wat laat jou smelt?

Rou talent.

5. Wat jaag jou bloeddruk op?

Spoed op ons paaie

6. Waarvoor het jy hare op jou tande nodig?

Administrasie

7. Wat is een ding van jou wat niemand weet nie?

Dat ek 2 jaar nadat ek my studies voltooi het en lank voordat ek begin sing het, vir meer as 'n jaar gewerk het as 'n aankoper van kinderslaapklere vir 'n bekende kettingwinkel.

8. Wat is jou wildste fantasie?

Dat ek en Chris, nadat ons miskien eendag afgetree is, 'n klein restaurant in die hart van 'n stad sal besit waar daar sowat 80 - 100 mense 'n bobaas sjef se maaltye sal kan geniet en elke aand na lewendige musiek sal kan luister. So nou en dan sal ek 'n verskyning maak, as daar nie 'n ander kunstenaar optree nie, geselsies aanknoop en miskien 'n paar nostalgiese liedjies sing. O, en as ek verskyn, moet die mense eers wonder: gaan sy of gaan sy nie vanaand sing nie? Heh heh

9. Wat was die heel stoutste ding wat jy al in jou lewe gedoen het?

Ek kan nie bepaal watter indiskresie die stoutse was nie aangesien ek tot vandag toe nog nie die glyskaal waarop sulke indiskresies gemeet word, kan verstaan nie.

10.Wat doen jy as jy 'n "kick" wil kry?

Lees (outobiografieë, novelles, die New Yorker tydskrif) voor die kaggel, of kuier op ons bo-stoep. Werk (speel) in die tuin. Gaan kyk ‘n goeie *show* of fliek. Luister na ‘n nuut-aangekoopte CD.

11.Wat sou die titel van die boek wees as jy ooit 'n outobiografie sou skryf?

“Nie as ek sing nie”.

Ek en David Taljaard, my begeleier van daardie tyd, was in die negentigs besig met ‘n reeks vertonings by die “After Dark”-restaurant in Pretoria. Ek het ‘n seer tand net voor die openingsaand ontwikkel, wat onophoudelike pyn veroorsaak het. Ek sou vir ‘n hele paar dae nie by my tandarts kon uitkom nie en teen die tweede aand, net voordat ons op die verhoog moes gaan, het David gevra: “Pyn dit vreeslik?” Ek het geantwoord:

“Nie as ek sing nie”.

11.Waarvoor is jy die bangste?

Ek het met die jare meer filosofies oor goed geraak en geestelik is daar meganismes wat my deursien, so ek is nie eintlik ‘n bang mens nie, maar om vas te sit in ‘n donker hysbak kan ‘n probleem wees.

13. Noem die 2 dinge wat jou die meeste irriteer.

Swak diens

Toustaan

14. Beskryf jouself in 2 woorde

Stil, maar betrokke.

15. Met watter drie Suid-Afrikaners sal jy alleen op 'n eiland gestrand wil wees?

Alison. Mark Banks.Johan Symington…en hulle sal almal moet kan vuurmaak sonder vuurhoutjies.

16. Watter verslawings het jy al probeer oorwin?

As die Survivor-reekse wys, is dit moeilik om my van die klein skermpie af weg te kry.

17. Wat laat jou lag?

My sin vir humor is maar aweregs, Gary Larson sal altyd ‘n gunsteling bly en so ook John Vlismas en Nataniël se humor. Regte goeie humoristiese joernalistiek. Chris (my man) sê ek lag elke keer harder as ‘n goeie grap ‘n paar keer goed oorvertel word.

18. Wat laat jou huil?

Mishandeling. Magteloosheid. Die afstand wat my bankbalans van ‘n wegkomplekkie in die berge naby die see is.